NETWERK24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND

http://www.netwerk24.com/Sake/Energie/eskom-se-traagheid-oor-groen-krag-belemmer-investering-20161109

ENERGIE

Eskom se traagheid oor groen krag belemmer investering

Deur **Francois Williams** | **09 November 2016 14:14**

Ou en nuwe windtegnologie bymekaar. 'n Uitsig op 'n deel van die Noupoort-windplaas, 10 km oos van Noupoort in die Noord-Kaap. Die aanleg bestaan uit 33 windturbines met 'n totale kragopwekkingsvermoë van 80 MW en kan elektrisiteit aan sowat 69 000 laekostehuise lewer.Foto: Sarec

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Hernubare Energie (Sarec) meen Eskom se vertraging om finale kwotasies te gee vir voorkeurbieërs in die regering se groenkragprogram is "beslis nie ekonomies gemotiveerd nie".

Tot 26 projekte in ronde vier en 'n uitbreiding van ronde vier in die regering se program om hernubare energie van onafhanklike kragprodusente te koop word tans vertraag. Nie een van hulle het al finansiële sluiting bereik nie omdat Eskom nie verdere kragkoopkontrakte met onafhanklike kragprodusente wil sluit voordat daar nie eers met die departement van energie onderhandel is nie.

Eskom het vroeër laat blyk hernubare energie is nog te duur en die elektrisiteit word gelewer op tye wanneer dit nie nodig is nie.

Dit blyk Eskom is traag om kwotasies te gee vir die koste om nuwe groenkragprojekte aan die kragnetwerk te koppel.

Finansiële sluiting verwys na die tydstip in elke ronde van die groenkragprogram waar gekose projekte se finansies gefinaliseer is om met bouwerk te kan begin. Banke is slegs bereid om lenings toe te staan as hulle weet die projek het 'n getekende kragkoopkontrak met Eskom, wat tans die enigste toegelate koper is van die onafhanklike kragprodusente se elektrisiteit ingevolge dié program.

Brenda Martin, voorsitter van Sarec en aangewese nuwe uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Windenergievereniging, sê die 26 projekte verteenwoordig 'n gesamentlike investering van R50 miljard in Suid-Afrika. Dié belegging word nou vertraag, "wat belaglik is gegewe ons huidige ekonomiese klimaat".

Brenda Martin, aangewese uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Windenergievereniging en die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Raad vir Hernubare Energie.Foto: Sarec

"Die mense van ons land het werkgeleenthede nodig en ons bedryf kan dit verskaf, aangesien dié projekte meer as 13 000 werkgeleenthede verteenwoordig."

Eskom kla oor die hoë koste van groen krag, want hy moet in die eerste ronde van die program fotovoltaïese sonkrag teen R3,65 per kWh koop en windkrag teen R1,52 per kWh. Dié kontrakte duur 20 jaar en die prys styg jaarliks teen inflasie. Die Nasionale Energiereguleerder (Nersa) laat Eskom egter toe om die koste te versprei en van sy kliënte te verhaal. Die groenkragpryse het egter skerp geval oor die daaropvolgende rondes, en die pryse van suksesvolle projekte in die vierde ronde is tans 62c per kWh vir sowel wind- as sonkrag. Maar Eskom skop nou vas en wil nie kontrakte sluit nie, hoewel hy elektrisiteit teen 83c per kWh verkoop.